# Die pad van Christenskap
# Deel 1: Breek jou eie wil



**2024-07-14**
**AGS Rayton**
**Past Gustav van Aardt**

1

## Inleiding

- Ons soek herlewing

**Herlewing is die lewe van die Here Jesus Christus wat in menslike harte uitgestort word.**

- Jesus Christus is ALTYD die Oorwinnaar.
- Wat ook al ons ondervinding – Christus kan nie verloor nie.
- Sy krag is onbeperk, en Hy wil dit ook in ons lewens uitstort.
- Verhouding met Jesus.

2

# Psalm 22

Psa 22:1 Vir die musiekleier; op die wysie van: "Die hert van die dageraad." 'n
Psalm van Dawid. 2 My God, my God, waarom het U my verlaat, ver van my hulp,
van die woorde van my gebrul? 3 My God, ek roep bedags, maar U antwoord nie;
en snags, en ek kan nie swyg nie. 4 Tog is U die Heilige wat woon onder die
lofsange van Israel! 5 Op U het ons vaders vertrou; hulle het vertrou, en U het
hulle uitgered. 6 Hulle het U aangeroep en het ontvlug; op U het hulle vertrou en
nie beskaamd gestaan nie. 7 Maar ek is 'n wurm en geen man nie, 'n smaad van
die mense en verag deur die volk. 8 Almal wat my sien, spot met my; hulle steek
die lip uit, hulle skud die hoof en sê: 9 Laat dit aan die HERE oor! Laat Hy hom
red, laat Hy hom bevry: Hy het mos behae in hom! 12 Wees nie ver van my af nie,
want die nood is naby, want daar is geen helper nie. 14 Hulle het hul mond teen my
oopgespalk soos 'n leeu wat verskeur en brul. 15 Ek is uitgestort soos water; al my
beendere raak los; my hart het soos was geword; dit het gesmelt binne-in my
ingewande. 16 My krag is verdroog soos 'n potskerf, en my tong kleef aan my
verhemelte; en U lê my neer in die stof van die dood. 17 Want honde het my
omsingel; 'n bende kwaaddoeners het my omring; hulle het my hande en my voete
deurgrawe. 18 Al my beendere kan ek tel; húlle kyk, hulle sien met welgevalle op
my neer! 19 Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot oor my
gewaad. 20 Maar U, HERE, wees nie ver nie; my Sterkte, maak tog gou om my te
help! 23 Ek wil u Naam aan my broers vertel, in die vergadering U prys. 24 Julle
wat die HERE vrees, prys Hom! Al die nakomelinge van Jakob, vereer Hom! Ja,
vrees Hom, al die nakomelinge van Israel!

3

# Buig jou eie wil

- My eie wil.
- Die "eie ek" wat moet buig.
- Pynlike proses.
- Nie ek nie maar Christus.
- Die ou mens moet sterf.

Not I but C

**Gal 2:20** Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

4

# Gebreekte wil

Rom 3:23 want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,

- Dit begin deur te erken ons is sondaars en verlore.
- Ons werk sowel as God se werk.
- Dit kom ook neer op 'n keuse.
- Ons roem in Jesus Christus

**Gal 6:14** Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld.



5

# Die kruis van Jesus Christus

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

- Dit begin by die kruis van Jesus Christus waar ons gebreek word.
- Ontmoeting met Jesus Christus.

- Jesus Christus was bereid gewees om gebreek te word.
  - Jesus het 'n dienskneg geword. (Van God sowel as die mens)
  - Jesus het al Sy regte opgegee.
  - Selfs geen besittings of woning.



**Mat 8:20** En Jesus sê vir hom: Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie.

**Psa 22:8** Almal wat my sien, spot met my; hulle steek die lip uit, hulle skud die hoof en sê: **9** Laat dit aan die HERE oor! Laat Hy hom red, laat Hy hom bevry: Hy het mos behae in hom!

6

# Jesus Christus gebreek vir ons

Psa 22:7  Maar ek is 'n wurm en geen man nie, 'n smaad van die mense en verag deur die volk. 8  Almal wat my sien, spot met my; hulle steek die lip uit, hulle skud die hoof en sê: 9  Laat dit aan die HERE oor! Laat Hy hom red, laat Hy hom bevry: Hy het mos behae in hom!





**Mat 26:39**  En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.

**Jes 53:7**  Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders—ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie.

7

Lord, bend that proud and stiff-necked I,
Help me to bow the head and die;
Beholding Him on Calvary,
Who bowed His head for me.

*Roy Hession*



8

# Sterf in jouself

**Mat 16:24** Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.

- Om te sterf is ‘n voortdurende en soms pynlike proses.
- Elke dag gaan daar geleenthede opduik.
- God gaan toelaat dat ons soms selfs gebrokenheid, uitdagings en hartseer beleef.
- Ons gaan soms ook uitroep na God en vra of Hy ons verlaat het?
- Dit skep egter geleentheid vir nog meer van Jesus in ons lewens.

**Psa 34:19** Die HERE is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees.

9

# Die pad van Christenskap

- Pad van oorwinning in Jesus Christus en herlewing: begin by die breek van ons eie wil, opgee van ons regte en voortdurende onderwerping aan die wil van God die Vader.

- Dit beteken nie die vyand kan maak wat hy wil nie.
- **Dit beteken wel minder van onsself maak meer plek vir Jesus Christus.**
- Meer as oorwinnaars.
- Hy bly naby ons.
- Hy bly in ons deur die Heilige Gees
- Ons Koning Jesus bly in beheer.
- Hy kom weer!!



**Openb 3:11** Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie.

10